# ‘N GEBED TOT ONS GEKRUISIGDE HERE JESUS CHRISTUS

Goeie en liefdevolle Jesus,

ek kniel voor U neer

en bid dat U in my hart

ware en lewendige gevoelens

van geloof, hoop en liefde sal opwek;

met 'n opregte berou oor my sondes

en die vaste voorneme

om my lewe te verbeter.

Soos ek nou u vyf wonde aanskou

en die redes daarvoor oorpeins,

word ek bewus

van u groot liefde vir my,

'n liefde wat ek nooit

waardig sal wees nie,

en tog oorrompel U my daarmee

en was U my in u liefde skoon;

wat kan ek anders

as om in groot dankbaarheid

voor u kruisbeeld neer te kniel

en U te loof.  Amen.

